

HOOFSTUK 1

PROBLEEMSTELLING, DOEL, HIPOTESE, METODOLOGIESE VERANTWOORDING

1.1 INLEIDING

Stres het 'n baie populêre onderwerp geword. Buitengewone gedrag of siektetoestand in mense word gewoonlik aan uitbranding of 'n sensuweeëneenstorting as gevolg van stres toegeskryf. In algemene terme kom stres voor wanneer mense gebeure in die gesig staar wat hulle as 'n bedreiging vir hulle fisiologiese en psigologiese welstand ervaar (Davidson & Neele, 1996:191). Schafer (1996:6) definieer stres as "... a arousal of mind and body in respons to demands made on them."

Gebeure wat stres tot gevolg het, is oneindig. Dit is 'n erkende feit dat stres in die werkplek produktiwiteit, afwesigheid, verwisseling van werk en werknemersgesondheid en geesteswelstand nadelig affekteer (Gray & Freeman, 1988:9; Spielberger & Reheiser, 1994:199). Na raming kos stresverwante afwykings besighede en die industrieë in die VSA nagenoeg 150 biljoen dollar per jaar (Girdano, Everly & Dusk, 1997:173; Herr & Cramer, 1996:86-87). Dit nog nie seker wat die toedrag van sake in Suid-Afrika is nie.

Holt, Fine en Tolletson (1987:51-58) meen dat die samelewing moet erken dat werkstres by onderwysers 'n groot probleem geword het wat nie gaan verdwyn nie en dat dit eskalerende negatiewe effekte op die kwaliteit onderwys, die geestesgesondheid van onderwysers en die lewensgeluk van leerders het.

Moracco en Mcfadden (1982:549) definieer "teacher work stress as an alteration of psychological homeostasis, resulting from aspects of the teachers' job that are perceived as threats to an individuals well-being or self-esteem."

Ontwrigtende gedrag in die klaskamer lei onder meer tot werksontevredenheid wat werkstres tot gevolg het (Smith & Laslett 1993: 153).

1.2 PROBLEEMSTELLING

Die werkplek is 'n natuurlike bron van stres. Die mens spandeer 'n derde van sy volwasse lewe by die werk. Die werkplek is dus 'n natuurlike plek waar bronne van stres sal voorkom (Girdano, Everly & Dusek, 1997:173). Die impak van stres in die werkplek op die werknemer se werkseffektiwiteit is die afgelope aantal jare toenemend in die navorsing erken (Gray & Freeman, 1997:9; Spielberger & Reheiser, 1994:10; Louw & Edwards, 1993:661; Van Zyl & Pieterse, 1999:74-78).

Stres en werkdruk word gewoonlik toegeskryf aan probleme tydens die interaksie tussen die individu en sy werksomgewing. Volgens French, Caplan en Van Harrison 1982, (in Spielberger en Reheiser, 1994:19) ontstaan werkstres hoofsaaklik as gevolg van teenstydige persoonomgewingpassing wat psigologiese druk en stresverwante fisiologiese afwykings voortbring.

'n Baie hoër vlak van werkstres word in die onderwys aangetref as in die meeste ander beroepe (Tuetteman & Punch, 1990:25; Van Zyl & Pieterse, 1999:74). Werkstres by onderwysers het 'n besondere impak omdat dit op hulle en hulle leerders 'n negatiewe impak mag hê. Dit is daarom 'n probleem vir die individuele onderwyser, die leerders, die skoolhoof, die onderwysprofessie en die onderwysstelsel (Rigby, Bennet & Boshoff, 1996:38).

'n Faktor wat vir hoër werkstres by klasonderwysers verantwoordelik is en waarvoor daar baie min inligting bekend is, is die kwessie van ontwrigtende gedrag (byvoorbeeld ongehoorsaamheid, opstandigheid) (Donald, Lazarus & Lotwana, 1997:129; Robertson, 1998; Kruger & Van Schalkwyk, 1999). Hierdie gedrag word as die vernaamste probleem beskou waarmee onderwysers binne klasverband gekonfronteer word (Hamachek, 1995). Wanneer dit in die klaskamer voorkom, is dit moeilik om reg te laat geskied aan

doeltreffende onderrig en leer (Donald, Lazarus & Lolwana, 1997:127). In die klassituasie lei dit verder onder meer tot werksontevredenheid by die onderwyser wat werkstres tot gevolg het (Smith & Laslett, 1993:153). Volgens Travers en Cooper (1996:25) korreleer werkstevredenheid negatief met ontwrigtende gedrag van leerders.

In die literatuur (binne die konteks) van opvoedkundige sielkunde en effektiewe klaskamerbeheer, word wel riglyne en wenke voorgestel ter bekamping en voorkoming van ontwrigtende gedrag (Donald, Lazarus & Lolwana, 1997:124-138; Robertson, 1998:174-197). Dit blyk egter dat daar baie min inligting beskikbaar is oor gestruktureerde programme wat onderwysers kan volg ten einde ontwrigtende gedrag in die klassituasie beter te bestuur. Daar mag dus by onderwysers 'n behoefte wees aan 'n begeleidingsprogram om hierdie tipe gedrag in die klaskamer te bestuur, sodat die onderwyser minder werkstres ervaar.

Navorsingsvrae wat beantwoord moet word, is:

1. Wat is die aard en wese van werkstres en hoe affekteer dit onderwysers in die klassituasie?
2. Kan 'n begeleidingsprogram as strategie gebruik word om werkstres in die klaskamer te bestuur en die welstand van leerders en onderwysers te promoveer?
3. Watter effek sal die begeleidingsprogram hê op onderwysers wat werkstres in die klassituasie ervaar?
4. Hoe effektief sal die begeleidingsprogram wees op die funksionering van klasonderwysers met werkstres?
5. Watter gevolgtrekkings en aanbevelings kan gemaak word oor die geskiktheid van die begeleidingsprogram?

1.3 DOELSTELLINGS VAN DIE ONDERSOEK

Na aanleiding van die voorafgaande probleemvrae kan die doelstellings van die studie soos volg geformuleer word:

1.3.1 Algemene doelstelling

Die algemene doel van die studie is om die effektiwiteit van die begeleidingsprogram as 'n strategie om werkstres in die klassituasie te bestuur, te bepaal.

1.3.2 Besondere doelstellings

Die besondere doelstellings is om:

1. Ondersoek in te stel na die aard en wese van stres (werkstres) en hoe dit onderwysers affekteer;
2. Te bepaal of die begeleidingsprogram gebruik kan word om ontwrigtende gedrag in die klaskamer te bestuur en die welstand van onderwysers en leerders te bevorder;
3. Om die effek van die begeleidingsprogram op onderwysers wat stres ervaar as gevolg van ontwrigtende gedrag in die klassituasie te bepaal;
4. Om die effektiwiteit van die begeleidingsprogram te evalueer.

1.4 HIPOTESE

Met verwysing na dit wat alreeds vermeld is, wil dit lyk asof daar heelwat aangeleentheid is wat in ag geneem moet word ter staving van die volgende hipotese: 'n begeleidingsprogram sal die onderwyser wat stres (werkstres) ervaar help om ontwrigtende gedrag in die klaskamer beter te bestuur.

1.5 PARADIGMATIESE PERSPEKTIEF

Die gedagte van Kuhn (in Ferreira, 1995:15) is dat navorsers of ondersoekers altyd binne die konteks van 'n gepopulariseerde paradigma werk. Die term "paradigma" verwys na 'n wetenskaplike raamwerk wat die konsepte wat gebruik word determineer. Ten einde die paradigma vir hierdie studie vas te stel, word die volgende drie aspekte bespreek:

- metateoretiese aannames, wat die filosofiese basis van die navorsing stel;

- teoretiese aanames; en
- metodologiese aanames.

Hierdie aspekte word vervolgens bespreek.

1.5.1 Metateoretiese aannames

In die opvoedkunde deeldisipliene gaan dit om die tweede wesenskenmerk van die mens, naamlik *animal educandum* en *animal sociale* (Engelbrecht, 1989, Pretorius, 1988:9). Hierdie kenmerk benadruk dat die mens 'n wese is wat opvoed en op opvoeding aangewese is (Pretorius, 1988:4). Die mens is met ander woorde 'n sosiale wese en vanweë dié feit is hy beïnvloedbaar en opvoedbaar.

Gevolgtrek is dit belangrik om erkenning te verleen aan die dialektiese verhouding tussen die mens en die samelewing. In hierdie verband kan daar by Langeveld (in Pretorius, 1988:5) aangesluit word wat dit stel dat opvoeding in die omgang tussen onderwysers en leerders voltrek word. Dit behels die bemoeienis van 'n opvoeder met 'n kind op weg na volwassenheid (Van den Aardweg & Van den Aardweg, 1986:71; Van Rensburg & Landman, 1986:54).

In 'n mens se ontwikkeling figureer die affektiewe, die kognitiewe en die normatiewe prominent (Van Niekerk, 1986b:20). Indien die kind se gevoels-, verstands- en normatiewe betekenisgewing ongunstig is, vind dit soms neerslag in sy gedrag en daarom sal die kind ontwortelend optree in die klassituasie.

In die hulpverlening aan die onderwyser wat werkstres ervaar as gevolg van leerders se ontwortelende gedrag word dus sowel opvoedkundige as sielkundige aspekte aangewend om as basis te dien vir opvoedkundig-sielkundige teorievorming en praktykgerigtheid (Woudstra, 1992:13).

1.5.2 Teoretiese aannames

Die teoretiese stellings van hierdie navorsing word uiteraard vanuit 'n opvoedkundig-sielkundige benadering bespreek. Die opvoedkundige sielkundige moet nie slegs menslike verskynsels verken en probeer verklaar nie, maar moet ook riglyne vir die opheffing van ontwrigtende gedrag aanwys en op die proef stel (Van Niekerk, 1986a: 33).

Ten opsigte van die voorgenome studie fokus die opvoedkundige sielkunde op die onderwyser. Die bemoeienis van die opvoedkundige sielkundige by die onderwyser wat werkstres ervaar, het ten doel om die onderwyser te ondersteun, aangesien ontwrigtende gedrag een van die faktore is wat aanleiding gee tot 'n disharmoniese onderrigssituasie.

Volgens Botha (in Smith, 1991:10) is die opvoedkundige sielkundige 'n professioneel kundige en vaardige persoon om:

- “voorkomende begeleiding ten opsigte van die ontwikkelende persoon in opvoedings- en onderwyskontekste te behartig;
- verryking van ontwikkeling by wyse van opvoedkundig-sielkundige ondersteuningsprogramme te bewerkstellig;
- intervensies waar te neem veral ten opsigte van die onderwyser wat met aspekte van ontwrigtende gedrag gekonfronteer word te neutraliseer.”

Wat betref die opvoedkundige sielkundige se betrokkenheid by onderwysers wat werkstres ervaar, word al drie bogenoemde gebiede wel deeglik betrek. Die fokus in hierdie studie sal egter hoofsaaklik op die eerste en veral tweede gebied val, so kan gespesialiseerde hulp van die opvoedkundige sielkundige, byvoorbeeld vanuit 'n ortodidaktiese oogpunt aangewend word om die disharmoniese klassituasie te normaliseer (Smith, 1991:17).

1.5.3 Metodologiese aannames

By wyse van 'n relevante literatuur- en empiriese ondersoek, sal daar gepoog word om die effek van die begeleidingsprogram op onderwysers wat werkstres ervaar as gevolg van ontwrigtende gedrag in die klassituasie te bepaal.

1.6 TERREINAFBAKENING

Om die grense vir hierdie studie daar te stel, was dit eerstens nodig om, ongeag die geraadpleegde literatuur, navorsing te kontinueer.

Navorsing is gedoen op die gebied van die sosiale wetenskappe, vanuit die psigologiese perspektief asook die terrein van die opvoedkunde, ten einde inligting met betrekking tot die onderwyser wat werkstres ervaar in te win.

Geraadpleegde bronne het gepubliseerde werke, ongepubliseerde werke, tydskrifartikels, sowel as koerantberigte ingesluit. Bronne van plaaslike, sowel as buitelandse oorsprong is geraadpleeg.

Inligting uit bogenoemde bronne is krities, analities en selektief bestudeer, ten einde aan die doel en afbakening van die studie te bantwoord. Die navorser het gepoog om die nagevorsde inligting tot 'n integrale eenheid te verwerk. Die klem het geval op 'n begeleidingsprogram aan onderwysers met betrekking tot die werkstres wat ervaar word binne die klassituasie.

Sonder die resultate en gevolgtrekking van relevante empiriese navorsing sal bogenoemde egter nie vir hierdie doel empiries verantwoordbaar wees nie.

Die geografiese afbakening vir hierdie studie dek die hoofsentra van die Noorwes Provinsie. Die motivering hiervoor is nie slegs onderwysers in hierdie betrokke sentra by wie sodanige

tendense deur die navorser bemark is nie, maar ook by onderwysers vanuit die platteland wat in die groter sentra werksaam is.

1.7 BEGRIPSVERHELDERING EN BEGRIPSOMSKRYWING

1.7.1 Begeleidingsprogram

Die begeleidingsprogram kan gekwalifiseer word as 'n program wat saamgestel is met die doel om onderwysers te begelei ten einde ontwrigtende gedrag wat verantwoordelik is dat werkstres by die onderwyser ontstaan, te verlig.

1.7.2 Onderwyser

Die term *onderwyser* verwys na 'n geregistreerde onderwyser of persoon, of 'n voorwaardelike geregistreerde persoon. Die onderwyser erken die individualiteit van elke leerder, eerbiedig sy persoonlikheid, skep 'n heilsame opvoedings- en onderwysmilieu, oefen gesag met liefde uit en weerhou hom van kwetsende optrede (Pretorius, 1998:28).

1.7.3 Werkstres

Herr en Cramer (1996:519) definieer *werkstres* soos volg: "Usually, conditions are presented tot individuals either within work or outside of work, that cause them tot call upon their resources tot adapt to the conditions. When these conditions (stressors) are greater than a person's abilities to cope or when they cause individuals to use their coping resources by the maximum degree possible, stress may be advanced".

1.7.4 Ontwrigtende gedrag

Wittrock (1986:419) definieer *ontwrigtende gedrag* as: "Enige gedrag deur een of meer leerders wat deur die onderwyser waargeneem word as vektor (oordraer) van aksies wat

kompetierend of bedreigend is teenoor die primêre oordraer van aksie op 'n spesifieke moment in die klaskameraktiwiteit”.

1.7.5 Opvoedkundig sielkunde

Opvoedkundige sielkundiges pas hul sielkundige kennis grootliks in die onderwysstelsel en veral in skole toe. Akademiese onderprestering of gedragsprobleme van leerders word geïdentifiseer en geremedieer (Louw & Edwards, 1993:7).

1.8 ENKELE TEKORTKOMINGE EN PROBLEMATIEK MET DIE STUDIE

Die navorser sou onrealistiese verwagtinge koester deur te idealiseer dat empiriese navorsing sonder enige tekortkominge en problematiek sal geskied. Daarom word genoemde in volgorde van belangrikheid gelys.

- Daar word deurgaans gebruik gemaak van individue of klein groepe vrywilligers uit die onderwysprofessie.
- Die begeleidingsprogram vir die doeleindes van hierdie studie, maak derhalwe nie voorsiening vir die hantering van leerders wat oor gedragsafwykings beskik nie.
- Dit sou eerder aanbeveel word dat die onderwyser wat 'n hoë mate van werkstres buite die klassituasie ervaar deur 'n opvoedkundige sielkundige begelei en ondersteun word.
- Ingeoefende onderwysvaardighede is nie suksesvol in alle klassituasies nie.

1.9 PROGRAM VAN STUDIE

Die uiteensetting van inligting as integrale eenheid in hierdie studie word in ses afsonderlike hoofstukke verdeel, waarin die inligting noukeurig geselekteer en geanaliseer is. Elke hoofstuk behandel 'n sekere aspek van die onderwerp ten einde 'n globale beeld van die studie in sy geheel te verseker.

Om insig en perspektief op die onderwyser wat werkstres ervaar te bekom, is dit noodsaaklik om hoofstuk 3 te wy aan die toereikende aktualisering van die onderwysstrukture. Daar word 'n universele beskouing gestel insake die normatiewe omhoogleiding soos realiteit midde 'n normatief toereikende aktualiseringsmilieu blyk te wees. In hoofstuk 2 word gefokus op gesonde klaskamerklimaat. 'n Integrale deel van die navorsing is die hoofstressor naamlik ontwrigtende gedrag soos die onderwysers dit ervaar en wat werkstres aanleiding gee.

Hoofstuk 4,5 en 6 bestaan uit:

- die bespreking van die begeleidingsprogram;
- die evaluering daarvan
- die metode van ondersoek en
- die bevindinge.

1.10 SAMEVATTING

Uit die voorafgaande kan afgelei word dat onderwysers werkstres in die klassituasie ervaar en dat ontwrigtende gedrag die grootste stressor is. Daar is ook verder gekyk na die noodsaak vir die begeleiding van die onderwyser ten aansien van die hantering van ontwrigtende gedrag om werkstres te verminder.

Hoofstuk 2 behels 'n literatuurstudie oor faktore wat 'n bydrae lewer tot die daarstelling van 'n gesonde klaskamerklimaat wat werkstres sal verminder by die onderwyser.